PERSVERKLARING

EERSTE 100 JAAR IN LANDBOU SLUIT OP HOË NOOT AF

Senwes se reeks van 100 jaar-vieringe gedurende 2009 het die afgelope naweek by Sun City 'n hoogtepunt bereik met 'n eksklusiewe Huisgenoot Skouspel-vertoning aangebied deur Senwes en 'n Senwes/Huisgenoot gholfdag as die kersie op die koek.

Sowat 4 700 klante, verskaffers, personeel en vriende van Senwes het die vertoning bygewoon. In 'n gesamentlike groeteboodskap deur mnre Japie Grobler, voorsitter, en Johan Dique, besturende direkteur, is hulde gebring aan alle belanghebbendes se bydrae tot Senwes se geskiedenis én toekoms. *My Land*, 'n gedenklied wat spesiaal vir die vieringe gekomponeer is, het ook deel uitgemaak van die vertoning.

"Die terugvoer wat ons ontvang oor die Skouspel-vertoning is oorweldigend positief. 'n Kombinasie van Senwes se 100ste en Huisgenoot Skouspel se 10de verjaarsdag het gesorg vir 'n ongelooflike vermenigvuldigingseffek, met 'n viering van kreatiwiteit, talent, sukses en professionaliteit as gemene deler," het mnr Johan Dique gesê.

"Ons is ingenome met die indrukwekkende wyse waarop Senwes se eerste 100 jaar in landbou afgesluit kon word. Dankie aan elke klant en ook ons verskaffers vir jul ondersteuning van die eeufeesvieringe en veral die Skouspel-naweek," het hy bygevoeg.

'n Totaal van 100 spelers het op 10 Oktober aan die Senwes/Huisgenoot prestige gholfdag op die Gary Player-baan deelgeneem. Die formaat van die kompetisie was 'n vierbal-beterbal wat oor 18 putjies gespeel is. Mnre Jaco Kriel van Agrinet en Dries Kruger, 'n direkteur van Senwes, was die kompetisiewenners.

Senwes het ook 50 kinders van die Abraham Kriel kinderhuis op Potchefstroom se oë laat skitter, toe hulle as gaste die vertoning bygewoon het. Dit is voorafgegaan deur 'n busrit en 'n dag van pret by die sonstad se Valley of the Waves waterpark.

FOTOBYSKRIFTE

Skouspel.jpg

Mnre Johan Dique (Besturende Direkteur) en Japie Grobler (Voorsitter) bring 'n groeteboodskap aan die 4 700 toeskouers tydens die Huisgenoot Skouspel-vertoning aangebied deur Senwes.

Abraham Kriel.jpg

As gaste van Senwes het die groep van 50 kinders van die Abraham Kriel kinderhuis 'n nuwe betekenis gegee aan uitbundige pret en plesier.

Prestige gholfdag.jpg

Van links: Kevin Smit (Senwes Village), Gary Stroebel (OFM), Toks van der Linde (Cipla Agricare) en dr Theuns Eloff (NWU) span uit na hul die 18de putjie van die Senwes/Huisgenoot prestige gholfdag voltooi het.

- EINDE –

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 13 OKTOBER 2009
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Johan Dique
Besturende Direkteur: Senwes
Tel: +27 18 464 7656
johan.dique@senwes.co.za

www.senwes.co.za